




KERNGENEESKUNDE / NUCLEAR MEDICINE TYGERBERG HOSPITAAL / TYGERBERG HOSPITAL

Tel: 021 938 4265 (results) 021 938 4268 (bookings) Fax: (021) 938 4694
www.sun.ac.za/nuclear



MIBI-HARTSTUDIE PASIËNTINLIGTINGSTUK

Ons hoop dat hierdie pamflet u sal inlig en gerusstel oor die ondersoek wat u eersdaags by ons sal ondergaan. Ons vertrou dat u, nadat u dit gelees het, beter sal verstaan wat die ondersoek behels.



WAT IS 'N MIBI-HARTSTUDIE?

Dit klink meer ingewikkeld as wat dit is! Tegnesium-MIBI is doodeenvoudig 'n radio-aktiewe stof wat, nadat dit binnears toegedien is, deur die bloedstroom vervoer word en dan in die spierselle van die liggaam opgeneem word. Omdat die hart hoofsaaklik uit spierweefsel bestaan, neem dit ook tegnesium-MIBI op.

Die opname van MIBI in u hartspier sal 'n getroue beeld van die bloedvoorsiening na u hartspier gee. Die radioaktiewe uitstraling vanaf die tegnesium teenwoordig in die hartspier kan met 'n spesiale apparaat, die gammakamera, waargeneem word. Dit stel ons in staat om te sien of die bloedvoorsiening na die hartspier normaal of onvoldoende is. Hierdie inligting sal vir u geneesheer van groot waarde wees om verdere ondersoeke en behandeling te beplan.

BESTRALING

U hoef nie bekommerd te wees oor die bestraling wat u gaan ontvang nie. Ons maak van baie klein dosisse radioaktiwiteit gebruik en u sal nie meer bestraling ontvang as met 'n gewone RT-skandering ondersoek nie.

HOE WORD DIE ONDERSOEK GEDOEN?

Die studie word in 2 fases afgehandel:

- a) 'n inspanningstudie (stresstudie)
- b) 'n rustende studie (indien nodig)

a) Die inspanningstudie

Gedurende hierdie fase van die studie moet ons die aanvraag na bloed deur die hartspier verhoog. Stres van die hart kan op een van die volgende maniere verkry word: oefening op 'n trapmeul, of met behulp van spesiale middels (Persantin® of Dobutamien).

Voor die studie begin, word u aan 'n EKG-monitor gekoppel d.m.v. elektrodes wat op die borskaswand geplak word. Hiermee word die hartspoed en EKG gedurende die inspanningstudie gemonitor. Hierna word 'n binnearse infuus ("drip") ingeplaas om 'n gerieflike roete vir die toediening van die MIBI daar te stel.

Die oefening sal normaalweg op 'n trapmeul uitgevoer word. U het waarskynlik reeds op so 'n trapmeul geoefen toe u 'n inspannings-EKG ondergaan het. Indien nie, sal ons u voldoende tyd gee om eers aan die apparaat gewoond te raak voordat ons met die oefening begin.

Ons hou gewoonlik aan met die oefening totdat die teikenhartspoed bereik word. U persoonlike teikenspoed word bepaal met inagneming van u ouderdom en fiksheidsgraad. Dit is belangrik dat u u bes doen om hierdie teikenspoed te bereik. Ons sal u nie te ver dryf nie, maar u moet ons asb. waarsku indien u te moeg word om verder te oefen of borskaspyn ontwikkel.

Indien u om een of ander rede nie kan oefen nie (bv. a.g.v. probleme met u bene), sal ons vir u Persantin® of Dobutamien binne-aars inspuit. Hierdie middels laat die bloedvate van die hart verwyd, dieselfde effek as wanneer u sou oefen. Die Persantin® word oor 4-5 minute toegedien en die dobutamien oor ongeveer 12 minute. Aan die einde van die tyd sal ons die MIBI inspuit en u vra om, indien moontlik, 'n paar minute te loop, ten einde goeie opname van die MIBI in u hart te verkry.

Die MIBI word ongeveer 'n minuut voor staking van die oefening of toediening van die Persantin® of Dobutamien ingespuet. Vir die oefenstudie is dit belangrik dat u na die inspuiting vir nog 'n minuut volhou met die oefening, aangesien dit die opname van die MIBI in die hartspier bevorder.

Hierna wag u ongeveer 15-30 minute sodat die MIBI goed in die hart kan konsentreer. In hierdie tyd kan u iets eet en drink. Hierna word beelde van u hart met die gammakamera geneem.

Tydens die opneem van die beelde moet u op 'n spesiale bed stil lê met u arms bokant u kop. U word versoek om doodstil te lê ten einde 'n optimale studie te verseker.

b) Die rustende ondersoek:

Vir die rustende studie kry u 'n inspuiting van tegnesium-MIBI nadat ons eers u polsspoed bepaal het, maar sonder dat u weer hoef te oefen of Persantin® of Dobutamien kry. Hierna moet u ongeveer 30-45 minute wag, sodat die MIBI goed in die hart opgeneem kan word. Dan neem ons weer beelde net soos na die inspanningstudie.

Die resultate van die ondersoek word aan u geneesheer gepos. U kan dus die uitslag van die ondersoek by hom kry. Hy kan ons ook bel vir die uitslag.

MOETS EN MOENIES

1. Geniet slegs 'n ligte ontbyt voordat u vir die ondersoek kom. 'n Groot ontbyt sal u oefeningsvermoë beperk. Pap of graanvlokkies en vrugtesap word aanbeveel.
2. U moet asseblief vir ten minste 24 uur voor u vir die studie kom, geen kaffeïenbevattende kos, drankies of middels inneem nie. Hierdie sluit drankies soos tee, koffie, sjokolade of sjokolade-/ kakaobevattende produkte en sekere medikasie soos Grandpa®, Compral® en, hoesmedisyne in. In 'n spesiale geval moet Nuelin® drie dae voor die ondersoek gestop word. Dit werk die effek van Persantin® teen en die studie sal dus nutteloos wees.
3. Bring gemaklike oefenklere en –skoene saam om mee te oefen, asook u eie handdoek.
4. Vir die oefeningstudies sal dit meestal nodig wees om sekere van u middels 3 dae voor die studie te staak, bv beta-blokkeermiddels (Inderal®, Tenormin®, Cavedilol®). Enige nitraatbevattende medikasie (Isordil®, Elantan®) moet ook gestaak word (Isordil® vir 1 dag; Elantan® vir 2 dae). Indien u egter erge borskaspyn gedurende hierdie tyd ondervind, kan u Isordil® soos gewoonlik gebruik. Skakel ons om ons hiervan in te lig, aangesien dit dalk nodig sal wees om u afspraak te verander. As u oor enige voorbereiding twyfel, bel ons betyds hieroor. Bring alle middels wat u tans gebruik, saam.

5. Ons sal u nie graag wil oefen as u griep onder lede het of gedurende die 3 weke voor die studie griep gehad het nie. Dieselfde geld vir enige ander infeksie. Indien dit die geval is, moet u ons asseblief vroegtydig laat weet sodat ons u bespreking kan verander.
6. MIBI is baie duur en word spesiaal vir u bestel. Dit is dus belangrik dat u die afspraak stiptelik nakom. Indien u enige probleme ondervind om u afspraak na te kom, of enige ander navrae het, moet u ons asseblief vooraf skakel.
7. Dit is belangrik dat u eerder vroeg as laat vir u afspraak moet opdaag. As u laat is, vertraag u die ondersoek van al die pasiënte wat na u bespreek is.

VIND ONS

Indien u enige ander navrae het, moet u nie huiwer om te vra nie.

KONTAKBESONDERHEDE:

Tel: (021) 938 4265 / 938-4268

Faks: (021) 938 4694

E-pos: TBH.NucMed@westerncape.gov.za; nucmed@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/nuclear